# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (18/13)

*Justin Chadwick (3 Mei 2013)*
***GESEGDE VAN DIE WEEK "If I had eight hours to chop down a tree, I would spend six hours sharpening my axe" Abraham Lincoln***

## CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL (CRI): SEGMENT

Hierdie week het CRI die eerste uitgawe van Segment uitgestuur – 'n kort publikasie wat daarop gemik is om informele inligting oor CRI se personeel en hul aktiwiteite aan die produsente deur te gee. Hierdie kwartaal se Segment stel Dr Paul Fourie aan jul voor, en verskaf interessante agtergrond oor die Sitrusverbeteringskema en Sitrus Grondvesblok, en nog vele meer. Vir diegene wat nie 'n kopie ontvang het nie, gaan kyk op www.cga.co.za

## SEKERHEID

Die mark hou van sekerheid – enige onsekerheid lei tot 'n persepsie van risiko onder kopers. Hierdie risiko word dan in berekening gebring wanneer besluite ten opsigte van aankope geneem word – of deur 'n laer prys aan te bied om die risiko te verminder, of deur na 'n alternatiewe produk te swaai wat minder risiko inhou. Ongelukkig toon die 2013 sitrusseisoen 'n paar onsekerhede. Die nuutste besluit van China om invoere van VSA sitrus te stop is so 'n geval – terwyl die owerhede probeer om 'n oplossing vir die probleem te vind, is die waarskynlikheid daar dat 'n goeie hoeveelheid van sitrus wat na China uitgevoer sou word nou in die plaaslike mark sal beland – verhoog die plaaslike mark se volumes en verleng die plaaslike seisoen. Dit sal 'n invloed op uitvoerders van die suidelike halfrond hê wat gehoop het op 'n vroeë begin van hul VSA veldtog. Enige voordeel wat gewen is deur die addisionele Chinese geleenthede sal geneutraliseer word deur die onsekerhede in die VSA mark. VSA vrugte sal ook van China na nader bestemmings geswaai word, wat potensiëel daardie markte kan ontwrig.

Dieselfde vlak van onsekerheid is steeds in die EU se mark, waar diegene wat van lande met CBS uitvoer (meeste suidelike halfrond uitvoerders) reeds deur senuweeagtige handelaars beïnvloed is oor wat kan gebeur sou die besendings wat onderskep word, dit wat deur EU as aanvaarbaar vir EU plantgesondheid beskou word, oorskrei. In sommige gevalle het hierdie handelaars hul aankope van noordelike seisoen vrugte verleng, terwyl ander na ander produkte geswaai het.

Alhoewel daar intenasionale liggame gestig is om die onsekerhede te verminder, het hul bewys om uiters omslagtig en stadig in hul reaksies te wees, wat onsekerheid laat voortduur.

## INTERNASIONALE TENDENSE

Daar is twee tendense wat die globale handelsomgewing vir sitrusvrugte beïnvloed het. Die eerste is die verskyning van **China** as die wêreld se nommer een verskaffer in terme van volume. Sedert 2000 het sagte sitrus se produksie van 6.8 miljoen tot 12.7 miljoen ton gegroei – groei van 88%; lemoene het van 1.2 miljoen ton tot 6.2 miljoen ton gegroei (465% groei) terwyl pampelmoese/pomelo's van 0.3 miljoen ton tot 3.6 miljoen ton gegroei het – 1 245% toename!! Met die meeste sitrus wat plaaslik verbruik word, het Chinese verbruikers hul per kapita verbruik van sitrus verhoog. Uitvoere groei ook – met China wat omtrent 1 miljoen ton jaarliks uitvoer – sesde grootste uitvoerder in die wêreld.

Die tweede tendens is die van **Rusland** as 'n belangrike invoerder van vars vrugte. Tussen Mei 2011 en Mei 2012 het lemoenuitvoere na Rusland met 2 ½ keer toegeneem, sagte sitrus met 54%, pomelo's met 23% en suurlemoene met 6% - Rusland is nou die derde grootste invoerder van vars vrugte in die wêreld. En dit is sitrus wat in terme van die invoer vrugtemandjie die leiding neem – verantwoordelik vir 28% van vars vrugte invoere. Dit word gevolg deur piesangs (17%), appels (14%), steenvrugte (12%), druiwe (10%) en pere (11%). Die grootste verskaffers aan Rusland is Ecuador (piesangs), Pole (appels), Turkye (sitrus, druiwe en steenvrugte), China (appels, sitrus en steenvrugte), Argentinië (appels, pere en sitrus) en Chile (druiwe).

## GEPAK EN VERSKEEP

Die beste van die week was dat ek my eerste pomelo van die nuwe seisoen op Maandag gekry het – dit moet die beste manier wees om jou dag te begin en ek kan nie verstaan hoekom die verbruik van hierdie produk in die meeste markte afneem nie. Die eerste miljoen kartonne pomelo's is verskeep en die paktempo het toegeneem. Volgens berigte is die groottes beter as die vorige jaar (2012 is deur klein vrugte gekenmerk), vrugvorm en interne en eksterne gehalte is volgens berigte baie goed.

Waarskynlik die belangrikste verandering in die week se syfers is dat suurlemoene se voorspelling met 1 miljoen kartonne verminder is – dit is weens 'n herwaardering van die Sondagsriviervallei streek. Na die eerste oes het produsente waargeneem dat die blomval in Desember groter was as wat eers verwag is, wat min laat vir die tweede en derde oes.

Tot op datum is 1 412 653 (80%) kartonne van die verwagte 1 765 947 kartonne van Satsumas gepak.

| Tot Week 18 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2011 | 2012 | 2013 | 2012 | 2013 | 2013 | 2013 | 2012 |
| Pomelo's | 1.7 m | 2 m | 2.5 m | 1.1 m | 1 m | 15 m | 15 m | 13 m |
| Sagte Sitrus | 1.8 m | 1.6 m | 1.5 m | 1.3 m | 1.3 m | 8.2 m | 8.1 m | 7.6 m |
| Suurlemoene | 1.6 m | 1.4 m | 1.9 m | 0.9 m | 1.2 m | 11.1 m | 10.2 m | 10.5 m |
| Nawels | 0.3 m | 0.2 m | 0.2 m | 0.1 m | - | 24.9 m | 24.9 m | 24.6 m |
| Valencias | 0.1 m | - | - | - | - | 47.7 m | 47.7 m | 47.2 m |
| | 5.5 m | 5.2 m | 6.1 m | 3.4 m | 3.5 m | 106.8 m | 105.8 m | 103 m |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE HEFFING WAT DEUR DIE CGA GEADMINISTREER WORD**